Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier
Nuusbrief Donderdag 8 Oktober 2020

Gedagte van die week:
Jou gehoorsaamheid aan God kan nooit meer wees as jou liefde vir Hom nie
Vertrekpunt:
Matteus 22:1-14
Meditasie uit die teks:
Die vraag wat die gelykenis aan die Fariseërs en Priesterhoofde stel is eintlik baie eenvoudig: Sal julle julle selfgereëlde partytjie met sy duisende selfgemaakte reëls en swaar atmosfeer kan los en aansluit by die Koning se vreugdefees? Jesus wil die godsdienstiges, die kerkmense van sy tyd, bewus maak van 'n ander partytjie as die een waarmee hulle besig is. Jesus wil hulle uitnooi na God se nuwe fees. Hulle fees word van buite gereël deur moet-wette en moenie-wette. God se partytjie word van binne gereël deur die Gees van genade en liefdevolle dankbare gehoorsaamheid. By hulle donker, swaar en "sad" partytjie moet 'n mens hard werk om aanvaarding te verdien. By God se nuwe partytjie vier 'n mens God se genadige aanvaarding. By hulle partytjie word 'n mens 'n slaaf. By God se partytjie is jy 'n spelende kind. Jesus nooi die Fariseërs en Skrifgeleerdes om te ontsnap uit 'n ou mensgemaakte geloofsisteem wat 'n mens versmoor. Ons uitdaging is om heeltyd katvoet te loop vir nuwe mensgemaakte geloof- en kerksisteme wat met eksterne geweld ook die vreugde uit ons wurg. Moenie dat enige iemand ooit die vreugde wat God vir jou belowe het en so graag vir jou wil gee van jou steel nie. Vermy "geestelikes" en enige kerk en enige gemeente wat jou wil vang en vasbind. Vlug so vinnig as wat jy kan! Run, baby, run! Vlug na God se partytjie! Dit is Jesus se uitnodiging.
Youtubeskakel:
Hier is jou skakel na Sondag 11 Oktober 2020 se reisgesprek. Jy is welkom.

https://www.youtube.com/watch?v=EkeEQWeLAAo

Meditasie uit die lewe:
So nou en dan lees 'n mens iets in die koerant wat ruik na die Goddelike. Gewoonlik "haat" ek vir Stuart Broad, snelbouer van Engeland se krieketspan, veral as hy vir AB de Villiers uitboul. Hierdie berig oor hom laat my anders na hom kyk … ek dink ek kan van nou af vir hom liefwees al boul hy vir AB uit. Dit is die mooiste gesindheid en verdien ons aandag. Klink vir my hy is deel van God se partytjie!

Stuart Broad says England's leading players are "very open" to the prospect of pay cuts as part of the England Cricket Board cost-cutting in response to the Covid-19 pandemic. The ECB - which has estimated a loss of £100m due to the pandemic - is due to make sweeping redundancies and Broad accepts that players' salaries will also be affected. "With the ECB having to potentially lose 60-odd staff, it would be wrong that the players stay on similar pay. I think we do need to make pay cuts. I've not heard any official sort of numbers, but ***the players are very open*** *to that sort of thing. We made a £500,000 donation at the start of lockdown, which the ECB were hugely appreciative of. I don't think you'll be getting any players complaining about taking more cuts because it's in line with the world, isn't it?* ***It would be a really average feeling if we were not making sacrifices like the rest of the world,*** *so I don't think you'll get too many players complaining of whatever comes our way. We're just fortunate that we got some cricket in this summer because if we hadn't, the whole game would have looked a complete mess.* ***The players are fully aware of our responsibilities and will be very open to anything*** *the ECB offer."*

Die toekoms! (lees asseblief hieronder … belangrike inligting)

Dit is ‘n dapper opskrif, want wat weet ons van die toekoms? COVID het ons geleer om nederiger en minder selfversekerd te wees. Die lewe gaan wel aan en ons moet probeer om aan te pas. Hier volg dan die nuutste en voorlopige reëlings vir ons reisgesprekke:

1. Ons begin **Sondag 18 Oktober 2020 om 09:30** met ons reisgesprekke in/by die kerkgebou.
2. Ons kan gemaklik 250 mense binne die kerkgebou ontvang en die res kan buite op die grasperk tussen die kerkgebou en skoolgebou sit. Die kerkgebou gooi ‘n redelike area skaduwee tussen 09:30 en 10:30. Jy mag wel ‘n sonsambreel of gazebo saambring as jy wil. Ons sal tuinbanke en stoele beskikbaar stel. Jy mag jou eie kampstoel bring as jy wil. Daar sal klank en beeld buite wees sodat almal alles kan hoor en die powerpoint kan sien. Julle mag komberse en kussings saambring as julle op die gras wil sit, want daar mag dalk bietjie dou op die gras wees. Nuwe tye bring nuwe maniere!!!
3. Op Sondag 18 Oktober sal ons na afloop van die reisgesprek vir elkeen ‘n klaargepakte boksie met lekkernye aanbied. Ons kuier dan sonder enige haas saam op die grasperke. Ons kyk mekaar weer met liefde in die oë!!!
4. Aangeheg aan die nuusbrief kry jy ‘n vorm wat vir elke motor wat opdaag ingevul moet word. Jy vul dit by die huis in en ons kry dit by jou by die motor. Ons word verplig om rekord te hou van wie almal bywoon. Daar sal wel ekstra vorms in die voorportaal wees vir diegene wat dit nie by die huis kan uitdruk nie. Jy mag ook sommer een neem vir die volgende reisgesprek.
5. Ons gaan nie saamsing nie, maar na mooi musiek luister.
6. Ons gaan nie dankbewyse opneem nie. Ons verkies dat ons steeds voortgaan met EFT inbetalings. Indien jy nie ‘n EFT kan doen nie, mag jy kontant in ‘n koevert plaas en dit in die plastiekhouers by die deure plaas.
7. Ons gaan almal ‘n masker byderhand hê en dit met verantwoordelikheid dra en afhaal.
8. Ons gaan ons hande saniteer by die aangewese punte.
9. Ons gaan sosiale afstand respekteer. Ons mag wel in gesinsverband naby mekaar wees.
10. Ons gaan nie handskud en drukkies gee nie (al wil ons hoe graag!)
11. Daar sal wel kleuterkerk in die saal wees, maar geen kinder- en tienerbediening nie.
12. Die Belydenisklas sal weer op 8 November in die sitkamer begin.
13. **Ons wil GEDULDIG EN VERDRAAGSAAM wees met mekaar. Dit is vir ons almal vreemd, maar ons het mos genoeg genade gekry om genoeg genade te gee.**
14. As jy enige vrae het, skakel gerus met Lise, Toit of Johannes. Welkom!

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net ‘n epos wat lui “kanselleer nuusbrief” na ngkagterpaarl@telkomsa.net of jjn1@telkomsa.net